Publication: Volksblad-Daily (Sport)
Publication Date: 02 Oct 2018
Page: 15

AVE: 15151.14
Circulation: 13906
Part: 1 of 1




**Sikholiwe Mdletshe van Kovsies soek ondersteuning van 'n spanmaat in gisteraand se Varsitybeker-halfeindstryd in Bloemfontein met Carla Werth (links) van Maties wat verdedig.** Foto: VARSITY SPORTS

# Kovsies pak Tuks in Rosestad

**Annchen Nel**

Die Oos-Kapenaars se droomseisoen het tot 'n einde gekom.

Maar nie voordat hulle die netbalspan van Tuks klippe laat kou het in gister se Varsitybeker-halfeindronde.

'n Begeesterde Madibaz-span het in Pretoria enduit geveg voordat die tuisspan hulle met 55-46 tot oorgawe kon dwing.

Dit was so hittete of die Baaienaars het vir 'n opskudding gesorg teen die verdedigende kampioen.

Hulle het in hul kragspel in die laaste kwart agt punte teenoor Tuks se ses aangeteken, maar ook 'n paar foute onder druk begaan.

Die Pretorianers se groter ervaring het die deurslag gegee en hulle kon hul plek in hul vierde eindstryd bespreek.

Tuks se teenstander in Maandag se eindstryd is die Kovsies, 'n tweemalige Varsity-kampioen. Die Bloemfonteiners sal gasheer speel.

'n Skitterende Kovsies-span het op sy tuisbaan die Maties met 56-45 geklop.

In die eerste halfeindstryd het Bianca Blom (hulpdoel) heel gepas die Madibaz se laaste doel gesink. Sy is as die Speler van die Wedstryd aangewys.

Die wedstryd het stadig begin en met die rustyd het net een punt die spanne geskei – 23-22 in die tuisspan se guns.

In die derde kwart het dit gelyk of Tuks hul stempel begin afdruk, maar die Baaienaars se geesdrif is nie geblus nie.

Dit was in die Rosestad aanvanklik 'n naelbyt-affêre met die tuisspan wat met die rustyd net-net voorgeloop het met 25-23.

Die Kovsies het in die derde kwart vloeiende spel opgedis en die bal het suiwer by hul doelsirkel uitgekom.

Albei spanne het 15 doele gesink met die Vrystaters wat hul neuse net-net voor gehad het (40-38).

Hulle het die laaste kwart met dieselfde momentum begin en die druk op die Maties gelaai.

Die Stellenbossers het hul eindpoging te laat begin en met sowat ses minute oor was die verskil vyf doele. Hul kragspel het die Maties nie juis gehelp nie. Hulle het onder druk doelkanse deur hul vingers laat glip terwyl Alicia Puren en Lefrébe Rademan die Kovsie-telling laat rol het.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.